

**14 Augustus**

**Skrifgedeelte: Josua 18:1-19:51 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Josua 18:3**

### **Talm jy om jou erfenis te ontvang?**

Nadat die land verower is en Israel gerus het van oorlog, het Josua opdrag gekry om die land te verdeel (13:1). Juda en die twee stamme van Josef het dadelik hulle deel opgeëis en dit in besit begin neem. Daar was egter nog sewe stamme wat nie hul erfenis opgeëis het nie. Daaroor word hulle streng aangespreek: “Hoe lank sal julle jul so traag hou om die land in besit te neem wat die Here, die God van julle vaders, aan julle gegee het?” (18:3).

Die Here het die hele land tot hulle beskikking gestel. Die woord erfenis beteken tog om iets onverdiend te ontvang. Hierdie sewe stamme is onwillig om die genadegawe uit die hand van die Here te ontvang! Moontlik was hulle bang om die verantwoordelikheid op hulle te neem wanneer almal uitmekaar spat na hul erfdeel toe. Tot op daardie stadium was al twaalf stamme gesamentlik verantwoordelik en by mekaar. Om in die bondel te bly, is makliker en vra minder van myself. Geloofsmoed ontbreek dus hier ook.

Die Here het aan jou ook 'n erfenis gegee. So is jou geloof en om deel te mag wees van die uitverkore geslag van God. Is jy ook traag om vanuit hierdie geloof te leef en soos 'n uitverkore kind van God jou talente tot nut en uitbreiding van die gemeenskap van gelowiges aan te wend? Wanneer laas het jy gesê: “My Here en my God”?

Genadiglik vat die Here hierdie trae en onwillige kinders aan die hand en lei hulle na hulle erfenis toe. Maar vir hoe lank nog? Koop dus die tyd uit!

Sing: Psalm 73:11,12

Ds AH Stavast (Mosselbaai)